

## **Van kop tot toon**

Oorspronklike titel: Van top tot teen

Musiek en teks: Marcel Zimmer

© 1998 Celmar Music

Afrikaanse vertaling: Faani Engelbrecht/

Marcel & Lydia Zimmer

God het my gemaak van kop tot toon  
Niemand is soos ek, niks aan my is gewoon  
Want ek is uniek, spesiaal en besonder  
Ek is nog soveel mooier as 'n wêreldwonder

Hy het my gevorm in die skoot van my ma  
en na nege maande was ek toe daar.  
Ek is wie ek is en maak vir Hom saak.  
Ek gee Hom alle eer want Hy het my gemaak.

God het jou gemaak van kop tot toon  
Niemand is soos jy, niks aan jou is gewoon  
Want jy is uniek, spesiaal en besonder  
Jy is nog soveel mooier as 'n wêreldwonder

Hy het jou gevorm in die skoot van jou ma  
en na nege maande was jy toe daar.  
Jy is wie jy is en maak vir Hom saak.  
So gee Hom alle eer want Hy het jou gemaak.